**KERNGENEESKUNDE / NUCLEAR MEDICINE**
**TYGERBERG HOSPITAAL / TYGERBERG HOSPITAL**

Tel: 021 938 4265 (results) 021 938 4268 (bookings) Fax: (021) 938 4694
www.sun.ac.za/nuclear

# RADIOAKTIEWE JODIUM BEHANDELING PASIËNTINLIGTINGSTUK

Soos u reeds weet, ly u aan ‘n toestand bekend as hipertiroïdisme (oormatige funksie van die skildklier). Behandeling met radioaktiewe jodium is vir u hipertiroïdisme voorgestel. Radioaktiewe jodium word deur die skildklier opgeneem waar dit bestraling van die klier bewerkstellig. Op dié wyse word ‘n gedeelte van die ooraktiewe klierweefsel vernietig. Sodoende normaliseer die funksie van die skildklier gewoonlik.

Die toedieningsprosedure is baie eenvoudig. U sal ‘n afspraak kry om **Kerngeneeskunde, Goudlaan, 10de Vloer, Tygerberg Hospitaal,** telefoon: 021 938 4265, op ’n Donderdagoggend te besoek. Hier sal die jodium in die vorm van ‘n kapsule aan u toegedien word, waarna u weer huis toe kan gaan. Die hele proses is dus byna net so eenvoudig soos om ‘n hoofpynpil te sluk!

**‘n Spesifieke dosis radioaktiewe jodium word spesiaal vir u bestel. Dié dosis is net op ‘n sekere datum en tyd gereed. Die datum en tyd van u afspraak moet dus asseblief stiptelik nagekom word.**

Geen voorbereiding is nodig voor u die kapsule sluk nie. Alhoewel u nie vastend hoef te wees nie, moet u die oggend van die toediening slegs ‘n ligte ontbyt eet.

U mag sekere vrae of bekommernisse hê rakende die feit dat u ‘n radioaktiewe stof gaan ontvang. Ons doel met hierdie inligtingstuk is om u gerus te stel en om enige onduidelikhede uit die weg te ruim.

## Bestraling

Aangesien die jodium hoofsaaklik in die skildklier gekonsentreer word, is die stralingsdosis wat die res van u liggaam ontvang, gering. Volledige evaluering van duisende pasiënte wat oor die afgelope paar dekades radioaktiewe jodium vir behandeling van hipertiroïdisme ontvang het, het bewys dat geen verhoogde voorkoms van enige vorm van kanker of geboorteafwykings in hul kinders gevind nie.

## Bestraling aan ander persone

U mag bekommerd voel dat u ander persone (bv. u familielede) onnodig aan bestraling gaan blootstel indien u in noue kontak met hulle kom. Indien u dit sou verkies, sou dit nie onredelik wees om vir die eerste paar dae na u die jodium ontvang het, noue kontak te vermy nie. Dit is egter hoegenaamd nie ‘n vereiste nie. U kan gerus voel dat die hoeveelheid bestaling waaraan u mense in u onmiddellike omgewing sal blootstel, weglaatbaar klein is.

### Swangerskap en borsvoeding

U mag nie radioaktiwiteit ontvang terwyl u swanger is of lakteer nie. Indien u swanger is of enigsins vermoed dat u swanger mag wees, of indien u borsvoed, moet u dit asseblief onder ons aandag bring voordat u die dosis ontvang. Dit is ook verkieslik dat 'n pasiënt wat radioaktiewe jodium ontvang het, of die pasiënt se metgesel of huweliksmaat nie binne 6 maande na die behandeling swanger raak nie.

### Middels

Indien u op 'n beta-blokker (bv. Inderal®, Pur-Bloka® ens.) vir u hipertiroïdisme was, moet u gewoonlik vir nog 4-6 weke daarmee voortgaan. Ander middels wat u gebruik, mag ook van belang wees. Geliewe dus alle medikasie wat u gebruik met u saam te bring, vir bespreking met die geneesheer wat u gaan sien.

### Opvolgondersoek

U opvolgafspraak by Kerngeneeskunde sal gereël word vir 'n Maandag- of Donderdagoggend ongeveer 12 weke na die behandeling. Tydens hierdie opvolgbesoek sal u skildklierfunksies weer nagegaan word om te bepaal of die behandeling voldoende was. Indien u deur 'n privaat geneesheer na ons verwys is, sal u ook verder deur hom / haar opgevolg word.

### Verwagte verloop

In die meeste gevalle keer tiroïedfunksie na normaal terug na die behandeling met radioaktiewe jodium. In sommige gevalle moet 'n tweede dosis radioaktiewe jodium egter toegedien word. In die meeste gevalle sal die pasient ook mettertyd, selfs na jare, onderfunksie van die tiroïed (hipotiroïdisme) ontwikkel. Daarom behoort tiroïedfunksietoetse gereeld uitgevoer te word, aanvanklik elke 3-6 maande en daarna elke 1-2 jaar. Indien hipotiroïdisme sou ontstaan, kan dit egter gerieflik behandel word met vervangingsterapie (Eltroxin®).

Ons hoop dat hierdie die meeste van u vrae beantwoord. Ons sal dit verwelkom as u enige ander vrae met ons sal bespreek.

**AS U OM WATTER REDE OOK AL NIE U AFSPRAAK KAN NAKOM NIE,**
**MOET U ONS ASSEBLIEF BETYDS IN KENNIS STEL BY TEL: 021 938 4265.**

**VIND ONS**

Indien u enige ander navrae het, moet u nie huiwer om te vra nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**:

Tel: (021) 938 4265 / 938-4268

Faks: (021) 938 4694

E-pos: TBH.NucMed@westerncape.gov.za; nucmed@sun.ac.za

Webadres: www.sun.ac.za/nuclear

*Dokumentkode: GP-013/04A*
*Hersien 24/08/2013*
Uitleghersiening: 4 November 2020